SAOU **Noord-Kaap • Northern Cape**
Posbus 110156 Hadisonpark 8306 E-pos: saounk@saou.co.za
☎ 053 832 2727 Faks 053 832 2460

SPLINTERNUUS

12 Junie 2015 No: 13 van 2015

OORPLASINGS

Uit die navrae wat by die kantoor ontvang word, blyk dit dat daar baie misverstande by oorplasings ontstaan.

Die volledige prosedure word in die vorm NCK – TF1 uiteengesit.

The following sections must be completed:

1. *PARTICULARS OF EDUCATOR.*
2. *RECOMMENDATION BY PRESENT PRINCIPAL AND SCHOOL GOVERNING BODY (BOTH must sign the form).*
3. *RECOMMENDATION BY RECEIVING PRINCIPAL AND SCHOOL GOVERNING BODY (BOTH must sign the form).*
4. *RECOMMENDATION BY DISTRICT OFFICE TRANSFERING FROM.*
   4.1 Recommendation by circuit manager.
   4.2 Recommendation by district director.
5. *RECOMMENDATION BY RECEIVING DISTRICT OFFICE.*
   5.1 Recommendation by circuit manager.
   5.2 Recommendation by district director.
6. *CONFIRMATION BY HRM DIRECTORATE/SUB-DIRECTORATE.*
7. *DECISION BY THE HEAD OF THE PROVINCIAL EDUCATION DEPARTMENT.*

Lede moet asseblief nie hulle huidige standplase verlaat sonder die **SKRIFTELIKE** goedkeuring van die oorplasing deur die Onderwyshoof of sy gedelegeerde nie.

OMSKAKELINGS

Daar is in die RAVO ooreengekom dat daar weer vanjaar omskakeling van tydelike na permanente aanstellings sal plaasvind. Hierdie keer sal tydelike onderwysers wat op 31 Mei 2015 (voorlopige datum) twaalf maande of langer in ‘n tydelike substansiële pos is, in aanmerking kom vir omskakeling.

Die volgende groepe sal nie in aanmerking kom nie:

- Diegene wat uit die publieke sektor ontslaan is;
- Onderwysers wat bedank het (hierdie gevalle sal op meriete hanteer word);
- Onderwysers wat normaalweg afgetree het of op vroeë aftrede is (hierdie gevalle sal op meriete hanteer word);
- Diegene wat a.g.v. swak gesondheid ontslaan is (hierdie gevalle sal op meriete hanteer word);

- Diegene wat waarneem in vakante substantiewe bevorderingsposte;
- Tydelike onderwysers wat as plaasvervangers van permanente onderwysers wat afwesig is, aangestel is;
- Diegene in addisionele-, Dinaledi- en Teach SA poste; en
- Buitelanders wat nie in besit is van permanente verblyfpermitte of SA identiteitsdokument nie.

Die Departement het toegegee dat nie alle persone wat voorheen bedank het, dit gedoen het om hul pensioengeld in die hande te kry nie. Skoolhoofde word dus versoek om 'n deeglike motivering by sodanige persone se aansoeke te voeg sodat die saak op meriete hanteer kan word.

Indien iemand se aansoek in die vorige rondte ook om hierdie rede nie hanteer is nie, kan skoolhoofde 'n motivering skryf en dit weer indien vir oorweging.

Die beplande datum vir die afhandeling van hierdie proses is 31 Julie 2015

LONG SERVICE AWARDS AND ACTING ALLOWANCES

According to the report tabled by the Department there are no backlogs on the payment of acting allowances or long service awards.

Members who are experiencing problems with the payment of acting allowances and/or long service awards are requested to contact the provincial office of the SAOU.

RE-GRADING OF SCHOOLS

The staff establishment data of 2013 an 2014 was used to determine the grading of schools for the 2015 academic year. A school is up-graded in terms of Collective Agreement 3 of 2006, if, for two consecutive years, the post allocation exceed the number of posts required for up-grading. The converse apply to down-grading.

A total of 35 schools will, during June/July 2015, be upgraded and 68 schools will be down-graded. The effective date is 1 January 2015.

BSB AAN TERAPEUTE

Volgens die verslag wat ter tafel gelê is, kort die Departement R9 158 miljoen om die 20+ terapeute se salarisse terugwerkend tot 2010 reg te stel. Daar is in die verslag gemeld dat die terapeute tans in terme van die Wet op Indiensneming van Opvoeders aangestel is en dat dit een van die redes is waarom die implementering van hierdie ooreenkoms sloer.

Daar word egter geen melding gemaak van stappe wat in plek is om die aanstellings reg te stel nie en ook geen aanduiding van planne om die nodige fondse van die nasionale Tesourie te bekom nie.

Die SAOU het nie hierdie verslag aanvaar nie.

EVALUEER DIE KWALITEIT VAN SAOU (NOORD-KAAP) SE DIENSLEWERING/ *EVALUATE THE QUALITY OF SERVICE DELIVERY OF THE SAOU (NORHERN CAPE)*
Click here/Kliek hier: http://emailmanager.co.za/saou/2015-04-14-Questionnaire/questionnaire.asp

WAT IS U KEUSE/*WHAT IS YOUR CHOICE*

SAOU dagboek (A5) **of** word 'n lid van 'n groot koöperatiewe koopskema plus SAOU lessenaarkalender / *SAOU diary (A5)* ***or*** *become a member of a large co-operative buying scheme plus an SAOU deskpad.* Kliek hier om u keuse uit te oefen: http://emailmanager.co.za/SAOU/SAOU-diary-or-big-co-operative-buying-scheme/form.html